03 Mar

Uitgawe 2010/03/03

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

En die Here sê: As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant—en hy sou julle gehoorsaam wees. (**Luk.17:6**). Wanneer ons deur hierdie vers lees, kan ons die volgende afleidings maak: Jou geloof kan klein wees, maar jy moet tot jou situasie spreek. Staar die onmoontlike in die gesig, gewapen met God se waarheid en gesag. Hindernisse moet ontwortel word met die krag van God se Woord en verwyder word na 'n plek waar dit nie kan oorleef nie. ('n Moerbeiboom kan nie in seewater groei nie). Hindernisse is geforseer om die stem te gehoorsaam wat met die gesag van Christus praat. ***Hemelse Vader, ons het U nodig in hierdie tyd. Help ons om ons oë op U gerig te hou wanneer ons die onmoontlike in die gesig staar.***

Deurbraak : Krag van gebed

Roger Bartlett het besef dat sy area een van die swakste misdaad speurwerk standaarde het in vergelyking met omliggende areas. Hy het besef benodig hulp en het kerkgangers gevra om hul gewig in te gooi en vir ekstra hulp te vra – van God. Drie jaar nadat hy kerkgangers aangespoor het om gebede te bid vir polisiemanne het die speurwerk verbeter padongelukke het afgeneem en mnr. Bartlett is oortuig dat dit die bewys is van goddelike ingryping. Die koers van misdaad bekamping in die area van Barstaple was 26 persent, een van die laagste in Devon en Cornwall area. Sedert gebed uitgegaan het vir hierdie situasie was daar 'n aansienlike verandering. Elke kwartaal het die aantal ondersoeke wat opgelos word toegeneem, sodat die huidige koers, meer as 40 persent – een van die hoogste in die land is. (Webruimte: http://www.dailymail.co.uk/news/article-1252708/Policeman-called-churchgoers-ask-God-help-fight-crime-prayers-answered.html?printingPage=true, 22/02/10). ***Prys die Here vir elke gebed wat beantwoord is. Bid ook vir die misdaadsyfer in jou gemeenskap en bid dat die Here op 'n goddelike manier sal ingryp.***

Bid vir jou gemeenskap : Dae van gebed vir mans en vroue

Die Wêreld biddag vir Vroue, wat geskeduleer is vir 5 Maart 2010, is 'n wêreldwye beweging van Christen vroue wat bymekaarkom om 'n gemeenskaplike dag van gebed elke jaar te vier. Dit sal die 80ste jaar wees wat vroue in Suid-Afrika sal deelneem – om hulself voor God te verootmoedig, met die tema *Laat alles wat asem het, die HERE loof!* (Webruimte: http://www.wwdp.co.za/, 26/02/10). Mans gaan bymekaarkom om vir die wêreld te bid om na die lig van Jesus te kom en sal op 6 Maart 2010 by verskillende plekke bymekaarkom op verskeie tye, die tema in Suid-Afrika is *Die man wat God gebruik.* (E-pos: wereldbiddag@absamail.co.za, 26/02/10). ***Bid asseblief vir hierdie inisiatiewe. Bid dat manne en vroue op hierdie dag voor God sal staan en Sy aangesig sal soek namens die lande van die wêreld.***

Suid-Afrika : Turn2God Konferensie – 6 Maart 2010

Dit is ons gebed dat individue en bedieninge hande sal vat by die samekoms in die hoofstad, by die Unie Geboue, waar ons die land en ons leiers aan God sal opdra in gebed. Ons moet na God terugdraai vir ons land se genesing. Die tema vers vir die dag is: **2 Kronieke 7:14** *"Indien my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees."* (Webruimte: http://www.turn2god.co.za/, 22/02/10).
Bid asseblief dat baie mense sal opdaag vir hierdie oproep vir gebed. Bid dat elke persoon 'n ondervinding sal hê met God wat hulle sal aanspoor om in geregtigheid voor God te staan.

Internasionaal : Irakkese Verkiesing

Die verkiesing in Irak is geskeduleer vir 7 Maart 2010, die eerste keer sedert 2003 "in 'n volle soewerein Irak", word bestempel as 'n kritiese oomblik vir die toekoms van die land. Die 2005 verkiesing is deur die Soennis geboikot in die protes van die Sjiïetiese regering en die geallieerde teenwoordigheid. Daar is alreeds beskuldigings gemaak dat daar onwettig gepeuter gaan word tydens die 2010 verkiesing en sommige Soennis het reeds 'n oproep gedoen vir 'n boikot nadat 500 kandidate verban is weens moontlike bande met die Baath Party (dit was Saddam Hussein se politiese verbintenis). 'n Selfmoordbomaanval op 18 Februarie 2010 deur Al-Qaeda word geglo is 'n poging van protes teen die opkomende verkiesing. Elf mense is dood in die bomaanval en sommige kandidate wonder of dit die begin is van 'n naderende burgeroorlog. Dosyne selfmoordbomaanvalle is uitgevoer in Bagdad and ander dele van Irak soos geallieerde troepe begin met die proses om sekuriteitsdienste oor te gee aan Irakkese magte. Baie van die aanvalle was teen Sjiïete en dit word aanvaar dat dit die werk is van al-Qaeda. (Bronne: BBC News, Kurdish Herald, WorldTribune.com, 25/02/2010). ***Vra die Here om Irak te lei in die doel wat Hy het vir hierdie land. Bid vir Sy doel en wil om te geskied in Irak soos dit in die Hemel is. Bid oor die keuses van die staatshoof en ook ander in leierskap posisies, bid dat hulle die land sal lei in nederigheid, sonder inhaligheid en met integriteit.*** (**Dan.2:21**). ***Bid vir vrede tydens die proses van die verkiesing. Bid teen elke terroristiese aanval wat beplan word, dat dit nie sal werk of uitgevoer word nie.***